Kleuterkasteel kuier heerlik by Oelala

Die kleuters van Kleuterkasteel het heerlike roomys by Oelala geniet met hul eerste kleuterskool uitstappie. Elke kleuter sê dankie aan Tannie Cemón Snyman vir die lekker dag.

Hoërskool Reitz en KANSA vat hande

Saterdag, 10 Maart beloof om 'n "besige" dag op Reitz se kalender te wees.

Die dag begin met die Mortimer Toyota Sportdag, wat deur Hoërskool Reitz op Piet Geyerpark, aangebied word. Daar sal in rugby, netbal en hokkie meegeding word, vanaf negeuur. Skole wat saam met die gasheerskool die dag bywoon is: Belvedere (Benoni); Amajitas (Springs); Hoërskool Paul Erasmus (Senekal); Hoërskool Heilbron; Hoërskool Wilgerivier (Frankfort); Hoërskool Ladybrand; Hoërskool Hennenman; Hoërskool Villiers en Laerskool Ficksburg.

Toegang vir die dag beloop R10,00 per person en daar sal ook heeldag heerlike eetgoed te koop aangebied word.

Vanaf 17:15 is toegang by Piet Geyerpark gratis, wanneer daar reggemaak word vir die jaarlikse "KANSA Relay for life." Hierdie geleentheid begin vanaf 18:00. Tydens die geleentheid word beplan om 1000 kerse aan te steek.

Indien daar enige persone is wat oor die "KANSA Relay for life"-projek navrae het, is hulle welkom om Me. Annelie Scholtz te skakel by 072 155 8787.

Die dag in sy geheel beloof om 'n groot geleentheid te wees. Vir enige verdere navrae, oor die Mortimer Toyota Sportdag kan Hoërskool Reitz gekontak word, by 058 863 2701.

Vrystaat atletiek

Hoërskool Heilbron het drie atlete wat ingesluit is in die Vrystaat atletiek span. Hulle neem deel aan die SA kampioenskappe in Paarl op 15 tot 17 Maart 2018. Op die foto volg Tiaan Brits, seuns o/11 gewigstoot, hy haal tweede plek by die Vrystaat byeenkoms. Michaela Grobler, dogters o/12 diskus, sy haal derde plek by die Vrystaat byeenkoms. Anelle Volschenk, dogters o/12 spiesgooi, sy haal eerste plek by die Vrystaat byeenkoms.

Listeriose-uitbreking

Die hele land is omtrent in rep en roer nadat die nuuste Listeriose-uitbreking plaasgevind het. Daar is bevind dat nagenoeg 180 mense alreeds gesterf het. Omtrent 948 mense is al met die siekte gediagnoseer. Die mense wat gediagnoseer is met Listeriose het ongeveer 93% aangedui dat hul die afgelope tyd verwerkte vleis soos polonie, weense worsies en ander kouevleissnitte geëet het. Die uitbrekeingsbakterie genaamd die ST6 is in minstens 16 omgewingsmonsters van die Enterprise Foods se Polokwane-fabriek gevind. Daar word vermoed dat die bakterie in hierdie omgewing voorkom. Volgens Maroela Media berig het Aaron Motsoaledi, minister van gesondheid dat Enterprise Foods en Rainbow Chickens Limited (RCL) hul vleisprodukte moet herroep. Die polonieprodukte van die Rainbow Chicken Limited (RCL) Wolwehoek-fabriek het ook positief vir die *listeria monocytogenes* bakterie getoets. Alle produksie is tans gestaak. Tot dusver het talle winkels in Heilbron ondermeer OK en SPAR alreeds alle Enterprise produkte van hul rakke afgehaal. Heilbron SPAR noem dit duidelik dat Enterprise geen SPAR produkte verpak nie. "Ongeveer 12:00 Maandagmiddag is al die Enterprise produkte van die rakke af verwyder.

Al ons masjienery en yskaste is ook telkemale ontsmet." meen die Heilbron SPAR bestuur.

ATTENTION CUSTOMERS!
RE: SPAR PRODUCTS

SPAR processed meat products are in no way affected by the current Listeriosis outbreak. Our processed meats are produced in a separate facility and remain perfectly fresh, delicious and safe.

SPAR

Ontvang medaljes

By die Vrystaat atletiek kampioenskappe in Sasolburg het die volgende atlete medaljes ontvang. Op die foto volg, Leandri Bennink (PS eerste rekord), Elana Dippenaar (5000 ST tweede), Megan Strydom (VS derde), Anuschka Dreperink (DG derde), De Jager Jooste (PS tweede), JJ Joubert (SG tweede) en Waldo Snyman (PS tweede).

Verkies tot Vrystaatspan

Die volgende ses atlete is ook verkies tot die Vrystaatspan wat aan die SA's gaan deelneem in Potchefstroom. Op die foto volg Leandri Bennink (PS o/15), Helena Dippenaar (5000 ST o/17), De Jager Jooste (PS o/17), Sarel Mouton (PS, o/17), Anuschka Dreperink (DG o/19) en Waldo Snyman (PS o/19).

SPERTYD VIR VRYDAE SE HERALD ARTIKELS & ADVERTENSIES IS WOENSDAE OM 10:00